Kyk, Ek staan by die deur en klop

Openbaring 3:14-21



Op hierdie eerste Sondag van Advent dink ons oor die baie bekende teks: “Kyk, Ek staan by die deur en klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom feesmaal hou, en hy saam met My”.

I

Maar kom ons kyk net eers na die agtergrond waarteen ons dié teks moet verstaan.

Laodisea was een van die sewe gemeentes in klein Asië aan wie die Here briewe stuur. Die stad Laodisea het op die kruispunt van handelsroetes gelê. Dit was ‘n baie welvarende stad. Onder andere was dié stad beroemd vir sy tekstielware, die mooiste klerewinkels, soos ‘n moderne mode-stad. En daar was ‘n bekende ooghospitaal, met oogsalf uit die omgewing waarin wonderbaarlike geneeskrag was. Die mense van dié stad was ryk, en hulle godsdiens het in diens gestaan van hulle voorspoed – dieselfde slagspreuk wat ons deesdae in soveel kerke hoor, het toe al gegeld: “Wanneer jy jou godsdiens reg beoefen, sal jy met gesondheid en rykdom beloon word.”

II

Die tragiese is nou dat die gemeente van Laodisea ook maar net soos die mense van die stad geword het. God skryf: “Ek weet alles wat julle doen” – Hy sien hulle dwalinge raak.

Daar is by hulle die dwaling van selftevredenheid. Ons is so ryk, ons het alles wat ons nodig het, en boonop het ons die beste medisyne wat mens kan kry, daarom het ons die Drie-enige God nie eintlik meer nodig nie. Ons is selfgenoegsaam, het hulle gedink.

Selfgenoegsaamheid is ook een van groot sondes van ons tyd: "ons sal self regkom, dankie Here", "Here, U is deesdae oorbodig, U het nie meer gebruikswaarde nie, ja, U het bietjie van 'n wit olifant geword." Dis hoe selfgenoegsaamheid vandag nog klink. Al sê mense dit nie hardop nie, is dit hoe hulle in werklikheid dink en doen.

Maar die Here het geweet dat mense wat so selfgenoegsaam lewe, eintlik maar besig is met selfbedrog. Die Here sien dwarsdeur hulle sogenaamde selfgenoegsaamheid. Hy skryf vir die gemeente: "Julle sê: 'Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie,' en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en kaal". Skerp taal. Mense wat dink hulle kan sonder God klaarkom bedrieg hulleself – eintlik is hulle pateties.

Omdat die gemeente so selfvoldaan geword het, net soos die mense van die stad, en omdat hulle hulleself 'n rat voor die oë gedraai het, besig was met selfbedrog, daarom het hulle soos lou water geword. Hulle geloof was maar so-so, glad nie hulle erns nie. Mens kan koue water drink, en selfs warm water kan jy drink, maar die tipiese lou water van daardie omgewing het jou siek gemaak, dit het jou laat naar word en opgooi. So, sê die Here, maak die louheid van hierdie gemeente Hom naar en siek. Hy wil hulle uit sy mond spoeg. Só sterk voel die Here oor lou mense, selfvoldane mense, mense wat hulleself bedrieg asof hulle God nie meer nodig het nie.

III

Dis juis met die oog op hierdie selfvoldane mense wat Hom so naar maak, wat die Here dan hierdie pragtige beeld gebruik. Van die deur en Hy wat staan en klop. Kom ons zoom bietjie in op hierdie bekende beeld. Wat wil Christus daarmee vir die gemeente van Laodisea – en vir ons vandag – sê?

1. In hierdie beeld is daar eerstens 'n **ernstige waarskuwing**. Dis skrikwekkend om te besef dit kan gebeur dat die Here buitekant die gemeente staan, uitgesluit is. Ja, dit kan gebeur dat selfs goeie godsdienstige gemeentes, gemeentes wat dink dit gaan goed met hulle, kan ontdek dat die Here Jesus aan die buitekant van die deur staan – nie meer deel van die gemeente nie. Dikwels, wanneer ek kyk na voorspoedige en baie doenige gemeentes, of die gemeentes wat eintlik maar net lyk soos die gemeenskap rondom hulle, dan wonder ek of hulle besef dat die Here Jesus dalk nie meer deel van hulle is nie. Maar soms wonder ek ook oor ons eie gemeente: is die Here nog hier binne, of het ons Hom dalk met ons manier van dink en doen uitgesluit?

2. Die beeld wil egter ook sê: **ten spyte daarvan** dat die gemeente die Here uitgesluit het, selfvoldaan hulle self-gesentreerde godsdiens beoefen het, staan en **klop die Here, roep Hy**. Hy "gee nie op" op die gemeente nie. Hy hou aan klop en roep. Hy wil binne wees. Hy wag dat iemand sy stem hoor en die deur kom oopmaak. Party mense verklaar hierdie wag op reaksie van binne as 'n magteloosheid, asof ons alleen in staat is om die deur oop te maak. Of soos ek 'n leraar al hoor sê het: daar is net aan die binnekant 'n knop aan die deur. Nee, die Here kan dit van buite oopmaak, trouens, Hy doen dit ook, maar Hy skop nie die deur oop nie, nee, in liefde skakel Hy ons in by die oopmaak van die deur. Ons hoor sy stem en maak oop, juis omdat sy liefde ons daartoe dring, omdat sy Gees dit in ons werk om sy stem te herken, sy liefdevolle en dringende klop te hoor. Die beeld kom uit Hooglied, waar die bruidegom klop sodat sy bruid die kamerdeur kan oopmaak (Hooglied 5:2) – dit het alles met liefde, en verlange na mekaar te doen.

3. Dan breek die goeie nuus, die evangelie, nog verder deur. As ons die Here se klop, sy stem, hoor, en die deur oopmaak, dan, so belowe die Here, sal Hy inkom, en **Hy sal gemeenskap met ons hê**, 'n feesmaal saam met ons vier, Hy met ons en ons met

Hom. Dan is daar vreugde en vrolikheid, dan maak Hy woning by ons, word Hy die gasheer wat die tafel dek en ons oorlaai met sy goedheid. Hierdie feesmaal is soveel heerliker as al die feeste wat die mense van Laodisea met hulle goud kon koop. Vir hierdie fees trek die bruidegom dan vir ons feesklere aan – veel mooier as wat die klerefabrieke in die stad kon maak. Niks is beter of heerliker of skoner as om fees te vier saam met die Here nie!

4. So bring hierdie teks ons dan by **Advent** uit, hierdie tyd waarin ons opgeroep word om tog nie so lou, so flou, so selfvoldaan te wees nie, maar opgewonde te raak, **in afwagting te lewe om die bruidegom se klop en sy stem te hoor**. Amper soos kindertjies wat grootoog sit en wag: "Wanneer roep Kersvader, wanneer klop hy!" Die verskil is net: die een wat klop en roep is alles behalwe die sekulêre "Krismisvader" van vandag. Dit is die Bruidegom self wat roep, Hy wat met ons, sy bruid, sy kerk, 'n feesmaal wil vier.

Met hierdie selfde liefdesroep, hierdie dringende uitnodiging wat al verder uitkring – juis ook na die selfvoldanes van ons dag – sluit die Openbaring-boek, en daarmee die hele Bybel, op die laaste bladsy af: "Die Gees en die bruid sê: 'Kom!' En elkeen wat dit hoor, moet sê: 'Kom!' En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!"

Hieroor gaan Advent.